

7 November

Skrifgedeelte: Johannes 17:13-26

Jesus bid dat die evangelie 'n krag vir die wêreld is

Van vers 9 af bid Jesus spesifiek vir sy gelowige volgelinge – vir ons. Ons kan in hierdie gebed iets hoor van die gebed wat Jesus nou nog aan die regterhand van die Vader, as ons Voorbidder, vir ons bid (Rom 8:34). Hy is die Hoëpriester wat medelye met ons het omdat Hy self hier op aarde geleef en gely het (Hebr 4:15). Dit is 'n geweldige versterking vir ons dat Jesus bid dat ons van die Bose bewaar sal bly (vers 15). Besef die wonderlike versekering dat die Bose 'n kind van God nie uit sy hand kan ruk nie (Joh 10:28). Met hierdie vaste geloof kan ons hoor hoe Jesus van vers 20 af ook vir die wêreld bid: dat hierdie evangelie ook wêreldwyd sal weerklink en dat daar 'n besondere eenheid tussen die kinders van God sal wees. Die feit dat Jesus hierdie gebed bid, gee ons die versekering dat dit so sal gebeur. Ons kan die lewe dus met moed en durf ingaan. Ons kan mos sien hoe God werklik regeer. Nou moet ons bid dat ons die instrumente mag wees deur wie God dit alles laat gebeur. Dank die Here dat jy kan sien hoe Hy jou gebruik. En dank Hom dat Hy voortgaan ten spyte van al die teenstand van mense. Wees opnuut versterk deur die feit dat die magte van die doderyk hierdie werk van God nie sal kan stuit nie (Matt 16:18).

Sing: Skrifberyming 28b

Wyle dr AGS Venter (Randburg-Oos)